

**12 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 19:21-41**

### **Ontsteltenis of bevryding?**

Die Christelike geloof bring nuwe lewe in individuele mense maar ook in die samelewing. Op 'n besondere manier word in hierdie gedeelte geïllustreer dat die evangelie vir sommige 'n doodsreuk is wat dood bring, maar vir ander is dit 'n lewensgeur wat lewe wek (2 Kor 2:16).

Die tempel van die godin Artemis in Efese is beskou as een van die sewe wonders van die ou wêreld vanweë die rykdom daarin. Die Artemisdiens was 'n soort vrugbaarheidsgodsdiens. Die hele lewe en ook die godsdiens is beheers deur die seksualiteit. Pelgrims van oraloor het tydens feestye daarheen gestroom. Rondom die tempel het 'n silwersmitbedryf ontstaan. Silwertempeltjies is gemaak wat aanbidders as amulette kon dra. As gevolg van die verspreiding van die evangelie in Efese en in die hele Asië (vers 18) is heelwat minder van die beeldjies verkoop. Mense soos Demetrius, 'n silwersmid, het 'n krisis in die gesig gestaar. Rondom die kreet: "Groot is Artemis van die Efesiërs", bewerk Demetrius 'n oproer in die stad wat in 'n massabeweging ontaard. Hulle begryp dat wanneer die Christelike geloof posvat, is dit die einde van Artemis se verering en van hulle woekerwinste. Hulle woede is teen Paulus gerig, maar hulle kry slegs twee van sy medewerkers, Gaius en Aristargos, in die hande en sleep hulle na die amfiteater toe. So het Satan weer 'n aanslag teen die evangelie gemaak, maar sy planne misluk. Die Here van die sending tree in die bres vir die voortgang van die evangelie en Paulus word uit 'n lewensgevaarlike situasie gered. Vir sommige beteken die evangelie bevryding; vir ander groot ontsteltenis. Wat beteken dit vir jou? Wanneer jy onder die evangelie staan, moet jy die Bybelse getuigenis so uitdra soos God dit in die Skrif aan ons toevertrou het. Doen jy dit nie, dan verraai jy nie net God nie, maar ook jou medemense. Ek en jy is geroep!

Sing: Psalm 2:1

Prof F Denkema (Potchefstroom)